KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 15 NOVEMBER 2016 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG.**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd Me SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh RM Van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr JWA Kotzee | - | Munisipale Bestuurder (waarnemend) |
| Mnr W Wagener | - | Direkteur Korporatiewe Dienste (waarnemend) |
| Mnr JP Sass | - | Direkteur Finansiële Dienste (waarnemend) **(sluit aan om 14:20)** |
| Mnr H Kröhn | - | Direkteur Tegniese Dienste |
| Me JS Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Mnr NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me AA Somers | - | Klerk: Komitee Dienste |
| Me CC Cloete | - | Senior Tikster |

AKSIE

**BKN001/11/2016**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid Wessels open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

***

**BKN002/11/2016**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Munisipale Bestuurder – ander munisipale verpligtinge
Direkteur Finansiële Dienste – mediese afspraak
Bestuurder: Strategiese Dienste – ander munisipale verpligtinge

***

**BKN003/11/2016**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot die items op die agenda, het nie.

***

**BKN004/11/2016**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 25 OKTOBER 2016**
**3/3/2/2**

**Besluit:**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 25 Oktober 2016 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEEDIENSTE (A SOMERS)***

***

**BKN005/11/2016**
**VERKLARINGS/MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat die item met betrekking tot die Behuising- en Infrastruktuurpyplyn van die agenda onttrek word vir bespreking by die volgende Burgemeesterskomitee vergadering wat op Dinsdag 08 Desember 2016 plaasvind.

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Die Voorsitter doen navraag met betrekking tot die besoek aan Valhala Park (Stad Kaapstad) wat voor Desember 2016 sou plaasvind; waarop die waarnemende Munisipale Bestuurder meld dat hy met die Munisipale Bestuurder sal opvolg rakende die datum wanneer die besoek afgelê gaan word en dat die datum aan Me Wessels deurgegee sal word;
- Hy bedank alle werknemers en Senior Bestuur vir goeie werk gelewer deurdat Bergrivier Munisipaliteit 'n skoon Oudit behaal het en dat die finale verslag deur die Ouditeur-Generaal deurgegee sal word; en
- Hy bedank die Direksie, Bestuurders en amptenare vir hul harde werk.

***

**BKN006/11/2016**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN007/11/2016**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN008/11/2016**
**DRINGENDE SAKE/VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN009/11/2016**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERWE 1822, 3729 EN 4189 (PB)**
**15/3/8**

Die Portefeulje Voorsitter lei die item in en lees die aanbeveling aan die komitee voor.

Verskeie insette word deur die komiteelede gelewer.

Die waarnemende Munisipale Bestuurder versoek dat verdere ondersoeke gedoen word in konsultasie met die voorsieningskanaalbestuur–afdeling rakende die voorkeur wat aan die plaaslike gemeenskap verleen moet word en duidelik gestipuleer word in die tendervereistes op die vervreemding van munisipale grond.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat Erwe 4186, 3729 en 1822 Piketberg nie vir Munisipale doeleindes benodig word nie;

2. Dat Erwe 3729, 4186 en 1822 Piketberg by wyse van tender vervreem word en adverteer word vir 14 dae;

3. Dat die Munisipale waardasies as insetpryse gebruik word;

4. Dat, indien erwe tydens tenderproses toegeken word, dit binne tien (10) maande na toekenning oorgedra word; en

***

**BKN010/11/2016**
**MONTHLY & QUARTERLY BUDGET STATEMENT: SEPTEMBER 2016**
**9/1/2**

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

That the Council notes the monthly & quarterly budget statement and supporting documentation for September 2016.

***

**BKN011/11/2016**
**HANDLEIDING OOR WERKSAAMHEDE VAN EN REGISTER VAN REKORDS GEHOU DEUR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**2/B**

Die Portefeulje Voorsitter lees die aanbeveling aan die komitee voor, waarna die waarnemende Direkteur Korporatiewe Dienste die verslag verder toelig.

**BESLUIT:**

1. Dat die gewysigde handleiding oor werksaamhede van en register van rekords gehou deur Bergrivier Munisipaliteit goedgekeur word;
2. Dat die handleiding en die wet op die bevordering van toegang tot inligting (Wet 2 van 2000) op die webtuiste geplaas word; en
3. Dat elke Adjunk-Inligtingsbeampte van 'n afskrif van die betrokke handleiding voorsien word.

***BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE***

***

**BKN012/11/2016**
**TERUGSKRYWING VAN HOË ELEKTRISITEITSVERBRUIK: Z MEIRING: REKENINGNOMMER: 00330739 PIKETBERG**
**5/1/B,5/1/1**

Die Onderburgemeester lei die item in en gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer.

**BESLUIT:**

Dat die bedrag van R 1 638.78 ten opsigte van elektrisiteit en R 413.25 ten opsigte van water eenmalig teruggeskryf word.

***BESTUURDER: INKOMSTE***

***

**BKN013/11/2016**
**AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULD ERF 456 (NH) EN ERF 9991 (PB)**
**5/1/B,5/1/1**

Die Onderburgemeester gee 'n breë opsomming tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer.

**BESLUIT:**

Dat die bedrag van R 67 783.89, plus enige verdere renteheffings en regskoste, as oninbaar afgeskryf word.

***BESTUURDER: INKOMSTE***

***

**BKN014/11/2016**
**<u>AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULD: ERF 2095 (PB), ERF 4867 (NH), ERF 2778 (NH), ERF 1680 (NH), ERF 1941 (PB), ERF 2078 (PB) EN ERF 1730 (NH)</u>**
**5/1/B,5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter Finansiële Dienste: neem die komitee deur die verslae, waarna sy breë agtergrond gee tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentare word gelewer deur die komitee.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat dringende ondersoek ingestel word om te verseker dat geen water van die inwoners/gemeenskap op drup is nie.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste meld dat hierdie gesprek weer eens by die vergadering van die Finansiële Dienste komitee bespreek moet word, aan die hand van statistieke en korrekte inligting.

**<u>BESLUIT:</u>**

1. Dat die bedrae soos gemeld in punt 5 van die verslag naamlik:
   (1) R2430.04;
   (2) R5206.29;
   (3) R4670.45;
   (4) R10728.86;
   (5) R30670.46;
   (6) R121.85; en
   (7) R3206.81; plus enige rente wat daarmee verband hou afgetrek kan word vir belastinguitklaring-doeleindes, en dat die afskryf van die skuld plaasvind op datum van registrasie van die eiendom in die erfgename se naam;
2. Dat enige addisionele skuld, soos vervat in paragraaf 2 die verantwoordelikheid van die erfgename bly en moet die nodige reëlings getref word om die skulde te betaal; en
3. Dat regshulp betrek word om hulp te verleen met die oordragkostes.

***BESTUURDER: INKOMSTE***

***

**BKN015/11/2016**
**<u>NUWE BEHUISINGS -EN INFRASTRUKTUURPYPLYN</u>**
**3/3/1/5**

Sien notulering BKN005 onder mededelings deur die waarnemende Munisipale Bestuurder.

***

**BKN016/11/2016**
**<u>NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN017/11/2016**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME</u>**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN018/11/2016**
**<u>IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Geen

***

**BKN019/11/2016**
**<u>IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS</u>**

Geen

***

**BKN020/11/2016**
**<u>IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN021/11/2016**
**<u>IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING/ KENNISNAME</u>**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:20***

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

______________________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER***

***